SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# TOERISME

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

* I T R S M A *

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.
3. Begin elke VRAAG op ʼn NUWE bladsy.
4. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Dit sal tot jou voordeel wees om alle berekeninge te toon.
6. Rond alle berekeninge af tot twee plekke na die desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die volgende tabel is ʼn riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| **A** | 1 | Kortvrae | 40 punte | 20 minute |
| **B** | 2 | Kaartwerk en Toerbeplanning | 20 punte | 30 minute |
| | 3 | Buitelandse valutaverhandeling | | |
| **C** | 4 | Toerisme aantreklikhede | 50 punte | 50 minute |
| | 5 | Kultuur- en Erfenistoerisme | | |
| | 6 | Bemarking | | |
| **D** | 7 | Toerisme sektore | 50 punte | 50 minute |
| **E** | 8 | Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme | 40 punte | 30 minute |
| | 9 | Kommunikasie en Kliëntediens | | |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv.1.1.21 A.

1.1.1 ŉ Vlug vanaf Gaborone, Botswana na Dar es Salaam, Tanzanië word as ŉ ... vlug geklassifiseer.

A plaaslike
B inter-kontinentale
C streeks
D internasionale

1.1.2 Hierdie simbool sertifiseer toelaatbare kosse vir...




A Hindoes.
B Jode.
C Moslems.
D Boeddhiste.

1.1.3 Volgens die Wet op Lughawe Maatskappye (Airports Company Act) (Wet No. 44 van 1993), bestuur ... Suid-Afrika se lughawens.

A IATA
B ICAO
C Federale Lugmaatskappy van Suid-Afrika
D ACSA

1.1.4 ŉ Voorbeeld van ŉ onder-die-lyn promosietegniek:

A Plakkaat
B Promosionele borgskap
C Elektroniese advertensie
D Radio

1.1.5 As ŉ passasier vanaf Londen, Verenigde Koninkryk na New York, VSA vlieg, sal hy/sy op ŉ ... vlug wees.

A transatlantiese
B transkontinentale
C plaaslike
D verbindings

1.1.6 ʼn Tipe tegnologie wat sekere internasionale lughawens gebruik om die identiteit van passasiers te bepaal deur gebruik te maak van vingerafdruk-ooreenkomste:

A Termiese liggaamskandeerder
B Biometriese skandeerder
C Volle liggaam skandeerder
D X-straal sekuriteitskandeerder

1.1.7 Die hoofstad van Mauritius is …

A Dodoma.
B Port Louis.
C Victoria.
D Luanda.

1.1.8 Die deel van die lughawe met geriewe wat verband hou met die opstyg, landing en parkeer van vliegtuie.

A Landkant
B Terminaal
C Lugkant
D Veiligheidsbeheerpunt

1.1.9 Terwyl daar met die Gautrein gereis word, mag ʼn passasier nie ...

A musiek luister deur gebruik te maak van oorfone nie.
B slaap.
C in ʼn rolstoel wees.
D kougom kou.

1.1.10 Volksoorlewering verwys na …

A tradisionele stories, gelowe en mites wat verbaal oorvertel word.
B tradisionele gebruike van ʼn kultuurgroep.
C die kossoorte wat deur ʼn sekere kultuurgroep geniet word.
D verskillende kultuurgroepe se spesifieke gelowe.

1.1.11 Die geldeenheid wat deur Engeland gebruik word:

A £
B ¥
C $
D €

1.1.12 Die hoofrede waarom toeriste die Virunga Nasionale Park in die Demokratiese Republiek van die Kongo besoek, is om … te besigtig.

A lemurs
B olifante
C berg-gorillas
D kamele

1.1.13 Die hoofdoel van RETOSA is om ...

A veiligheid en sekuriteit in globale lugdienste te verseker.
B gesamentlike toerisme bemarkingsgeleenthede in samewerking met die openbare en privaatsektore in die suidelike Afrika streek te bewerkstellig.
C globale inkomende toerisme te vermeerder deur volhoubare ontwikkelingsinisiatiewe.
D eenheid tussen alle Afrikastate te bevorder.

1.1.14 As buitelandse valuta omgeskakel word in rand moet ŉ persoon die bedrag buitelandse valuta … deur/met/van die wisselkoers.

A plus
B minus
C deel
D vermenigvuldig

1.1.15 Die versekering wat deur die huurder van ŉ voertuig uitgeneem word om te verseker dat die voertuig gedek word in die geval van diefstal.

A POV (Eng: PAI)
B DVK (Eng: TLW)
C VSK (Eng: WDW)
D OSA (Eng: CDW)

1.1.16 Die Minister wat die 2012–2020 Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme geloods het.

A Derek Hanekom
B Marthinus van Schalkwyk
C Cyril Ramaphosa
D Susan Shabangu

1.1.17 ŉ Toeris wat in en om die Durban omgewing reis op die Umgeni Stoomtrein sal op ŉ … reis.

A pendeltrein
B luukse toeristetrein
C natuurbesigtigings toeristetrein
D fantasie toeristetrein

1.1.18 Toeriste wat na Botswana vlieg sal heel waarskynlik gebruik maak van die …

A Sir Seretse Khama Internasionale Lughawe.
B Kilimanjaro Internasionale Lughawe.
C Harare Internasionale Lughawe.
D Julius Nyerere Internasionale Lughawe.

1.1.19 Toeriste wat die Malutiberge in … besoek kan aan ponieritte en ski-aktiwiteite deelneem.

A Namibië
B Zambië
C Swaziland
D Lesotho

1.1.20 Die slagspreuk van die Vaya Mzanzi veldtog:

A "Nothing's more fun than South Africa"
B "Whatever you are looking for, it's right here in South Africa"
C "A million new experiences are right here"
D "South Africa, a fun, affordable, easy-to-do destination"

(20 x 1) (20)

1.2 Kies die term in KOLOM B wat die beste pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kode vir ŉ spesiale aanbieding wat beteken dat ŉ afslagprys beskikbaar kan wees vir ŉ maat wat saam op die bootrit gaan | A | spa en fiksheid-sentrum |
| 1.2.2 | Kode vir ŉ spesiale aanbieding wat beteken dat ŉ afslagprys beskikbaar kan wees indien ŉ bespreking vroegtydig vir die bootrit gemaak word | B | PR |
| 1.2.3 | Kode vir ŉ spesiale aanbieding op ŉ toerskip wat beteken dat, indien die kliënt vir twee passasiers betaal, daar nog twee addisionele passasiers gratis mag saam reis | C | casino |
| 1.2.4 | Die fasiliteit aan boord ŉ toerskip wat slegs oop is terwyl die skip ter see is | D | B2 |
| 1.2.5 | Die mees luukse kategorie van kajuit wat op ŉ luukse toerskip beskikbaar is | E | Kategorie 11 |
| | | F | PS |
| | | G | Kategorie 1 |

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Hengel is een van die primêre aantreklikhede vir toeriste wat die (Katse Dam/Cahora Bassa Dam) in Mosambiek besoek.

1.3.2 Die (Hlane Royal Nasionale Park/Kissama Nasionale Park) is die tuiste van een van die grootste troppe wild in die Koninkryk van Swaziland.

1.3.3 Die Okavango Delta in (Botswana/Lesotho) is die grootste binnelandse delta in die wêreld.

1.3.4 Die UNESCO Wêrelderfenisterrein (Tsodilo Heuwels/Die Groot Zimbabwe Ruïnes) bevat die grootste hoeveelheid van San rotskuns in die wêreld.

1.3.5 Seychelles bied aan (ontspanningstoeriste/kultuurtoeriste) ŉ wye verskeidenheid van aktiwiteite. (5 x 1) (5)

1.4 Kies ŉ woord(e) uit die lys wat gegee word wat die onderstaande beskrywings die beste beskryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Jy mag die woorde slegs een keer gebruik.

| |
|---|
| buitelandse valutaruiling, geldeenheid, indirekte spandering, wisselkoers, informele skommelings, vermenigvuldiger-effek, bureaux de change |

1.4.1 Wisselkoerse wat verander na gelang van die aanbod van die plaaslike geldeenheid en die aanvraag van die toeriste daarna

1.4.2 Geld wat deur besoekers in ŉ gebied bestee word, word later in die plaaslike ekonomie spandeer

1.4.3 Die waarde van ŉ geldeenheid in verhouding tot ander geldeenhede

1.4.4 Die ruil van ŉ geldeenheid van een land vir die gelyke waarde daarvan in ŉ ander (buitelandse) geldeenheid

1.4.5 Note en muntstukke wat as ruilmiddel in ŉ bepaalde land gebruik word (5 x 1) (5)

1.5 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Gerekenariseerde besprekingstelsel wat deur gelisensieerde reisagente gebruik kan word om veelvuldige reisverwante besprekings te maak

1.5.2 Die hoeveelheid verkope van ŉ bepaalde toerismeproduk wat deur een maatskappy beheer word

1.5.3 Gerekenariseerde stelsels wat individuele, reisverwante besighede gebruik om hulle besprekings te bestuur

1.5.4 Die proses wat deur ŉ toerismeverwante besigheid gebruik word om aanvaarbare produk- en diensstandaarde te bepaal

1.5.5 ŉ Organisasie wat streef na streeksintegrasie om ekonomiese groei, vrede en sekuriteit in die suidelike Afrikastreek te bevorder (5 x 1) (5)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**4 DAG PAFURI STAPROETE (4DPWT) –Van R5 458 pp**

**Dag 1: Verkenning van die Noordelike Nasionale Krugerpark begin**

Ontmoet jou gids by die Luvuvhu Rivierbrug. Nadat jy jou voertuig parkeer het sal jy padlangs of te voet vertrek na die basiskamp. Vestig jou by die kamp vir ŉ veiligheid inligtingsessie met jou gids.

Vertrek op ŉ middag staptog. Met die terugkeer na jou kamp, sal drankies bedien word. Daarna kan jy ontspanningstyd geniet voor aandete wat op ŉ oop vuur voorberei sal word. Ontspan na aandete en gaan slaap in jou tent.

***Aktiwiteit:*** *Middag staptog /* ***Etes:*** *Aandete*

**Dag 2 en 3: Stapsafari's en aandete onder die sterre**

Na ŉ vroeë wakkermaak oproep en ligte versnapering sal jy die noordelike Nasionale Krugerpark te voet verken. Keer terug na die kamp vir ŉ rustige laat ontbyt (brunch). Daarna kan jy ontspan ter voorbereiding van ŉ middagstap of rit, afhangende van die hoeveelheid diere in die omgewing. Keer terug na die kamp vir ŉ ontspannende warm stort gevolg deur skemerkelkies en verversings. Aandete sal om die vuur bedien word.

***Aktiwiteite:*** *Oggend en middag staptogte /* ***Etes:*** *Ligte oggend versnapering, laat ontbyt en aandete*

**Dag 4: Vertrek**

Vanoggend groet ons die avontuur-ervaring in die noordelike Nasionale Krugerpark. Na ŉ ligte versnapering en ŉ kort oggendstap, keer terug na die roetekamp vir ŉ heerlike laat ontbyt (brunch). Na die oggendaktiwiteite, vertrek terug na die voertuie om na die ontmoetingsplek te reis vir verdere reëlings.

***Aktiwiteit:*** *Kort oggendstap /* ***Etes:*** *Ligte oggend versnapering en laat ontbyt (brunch)*

[Bron: http://www.krugerpark.com]

2.1.1 Identifiseer EEN tipe toeris wat bogenoemde toer sal meemaak. (1)

2.1.2 Bepaal of bogenoemde toer ŉ voorbeeld is van ŉ algemene toer of ŉ persoonlike toer. Motiveer jou antwoord. (2)

2.1.3 Identifiseer die tipe akkommodasie wat op hierdie toer gebied word. (1)

2.1.4 Word vervoer na en van die Kruger Nasionale Park ingesluit in hierdie toer? Motiveer jou antwoord. (2)

2.1.5 Lys TWEE dienste wat aan toeriste op hierdie toer gebied word. (2)

**[8]**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Mnr. Tukulu gaan in April 2016 na Frankryk reis. Hy moet sy Rand omruil vir Euro voor sy vertrek. Hy hou die wisselkoerse dop in die weke voor sy vertrek om te bepaal wanneer hy die gunstigste wisselkoers sal kry voordat hy sy geld wissel.

Hieronder is 'n uittreksel waarop hy sy wisseling van die plaaslike geldeenheid vir buitelandse geldeenheid sal baseer.

**ABC Bank**
**FOREX AFSLUITINGSKOERSE VIR 22 MAART 2016 om 16:08**
**Koerse vir bedrae tot en met R200 000**
**Afsluitingskoers-geskiedenis vir: 2016–03–22 om 16:08**

| Geldeenheid | Bank aankoop | | | Bank verkoop | |
|---|---|---|---|---|---|
| | T/T | Tjeks | Buitelandse note | Tjeks en TT | Buitelandse note |
| **KWOTASIES OP RAND PER EENHEID BUITELANDSE VALUTA** | | | | | |
| Britse Pond (GBP) | 21,4966 | 21,4194 | 21,3469 | 21,9990 | 22,0636 |
| Euro (EUR) | 16,9668 | 16,9197 | 16,8423 | 17,4017 | 17,4317 |
| Verenigde State van Amerika Dollar (USD) | 15,1408 | 15,0726 | 15,1333 | 15,4583 | 15,4583 |

3.1 Verduidelik die volgende begrippe:

3.1.1 Buitelandse valuta (2)

3.1.2 Wisselkoers (2)

3.2 Gee aan Mnr. Tukulu raad oor EEN plek waarheen hy moet gaan om sy geld om te ruil voor sy vertrek. (2)

3.3 Mnr. Tukulu wissel R20 000,00 vir Euro in kontant. Deur gebruik te maak van die bankverkoopkoers, bereken hoeveel Euro hy sal ontvang. (4)


3.4 Sal Mnr. Tukulu dieselfde bedrag in Euro ontvang indien hy sy geld wissel op 1 April 2016? Motiveer jou antwoord. (2)
**[12]**


**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: TOERISME AANTREKLIKHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

Verwys na die kaarte en prente van toerisme aantreklikhede in Tanzanië en Namibië en beantwoord die vrae.




4.1 Identifiseer die toerisme aantreklikhede gemerk **A**, **B**, **C**, **D** en **E**. (5 x 1) (5)

4.2 4.2.1 Noem die bekende gebeurtenis wat geassosieer word met wild wat met die aantreklikheid gemerk **A** gekoppel word. (2)

4.2.2 Gee EEN rede waarom toeriste wat op safari is mobiele kampeer akkommodasie verkies sodat hulle die gebeurtenis waarna verwys word in VRAAG 4.2.1 kan besigtig. (2)

4.3 Gee EEN rede waarom die aantreklikheid gemerk **B** as ’n baie groot uitdaging deur bergklimmers beskou word. (2)

4.4 Beskryf EEN aktiwiteit by die UNESCO Wêrelderfenisterrein gemerk **C** waarin die volgende tipes toeriste sal belangstel:

4.4.1 Kultuurtoeris (2)

4.4.2 Ontspanningstoeris (2)

4.5 Beskryf die landskap wat toeriste sal sien wanneer hulle die aantreklikheid gemerk **D** besoek. (2)

4.6 4.6.1 Gee die hoofrede waarom die aantreklikheid gemerk **E** een van Namibië se hoof toeriste-aantreklikhede is. (2)

4.6.2 Noem ’n vyfdag aktiwiteit waaraan groepe ervare avontuurtoeriste kan deelneem as hulle die aantreklikheid gemerk **E** besoek. (1)

**[20]**

**VRAAG 5**

5.1 Bestudeer die prente wat Suid-Afrikaanse kulturele uniekheid uitbeeld en beantwoord die vrae.

| A | B |
|---|---|
|  |  |

5.1.1 Identifiseer DRIE unieke aspekte van Xhosa kultuur soos in prent **A** uitgebeeld. (3 x 1) (3)

5.1.2 Verduidelik wat jy onder die begrip, *kulturele uniekheid,* verstaan. (2)

5.1.3 Bespreek waarom die kulturele aktiwiteit soos in prent **B** uitgebeeld, ’n effektiewe manier is om inkomende en plaaslike toerisme in Suid-Afrika te bemark. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

5.2 Bestudeer die prent en lees die uittreksel oor Suid-Afrikaanse erfenis en beantwoord die vrae.




**SLAG VAN ISANDLWANA–1879**

Die Slag van Isandlwana was ŉ stryd wat plaasgevind het tydens die Anglo-Zoeloe Oorlog waarin Koning Cetshwayo se mag van 20 000 Zoeloe krygsmanne ŉ Britse mag van 1 400 uitgewis het op 22 Januarie 1879, en waarin hy 2 000 van sy krygsmanne verloor het. Na die slagting is die lyke van die Britse soldate in massagrafte begrawe waar hulle gesneuwel het. Vandag is daar hopies wit klippe wat die grafte uitwys waar die onbekende mans wat in die slagting gesneuwel het begrawe is. Die Isandlwana slagveld en begraafplase is tot ŉ nasionale erfenisterrein verklaar en word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne wettig beskerm (Nr. 25 van 1999) deur SAEHA, ŉ agentskap van die Departement van Kuns en Kultuur.

[Bron: Verwerk uit www.dailymail.co.uk]

5.2.1 Skryf die akroniem SAEHA volledig uit. (2)


5.2.2 Lys EEN funksie van SAEHA. (2)

5.2.3 Stel TWEE redes voor waarom die begrafnisterrein by Isandlwana deel vorm van Suid-Afrika se nasionale besit. (2 x 2) (4)

**[17]**

## VRAAG 6

Verwys na die prente van bemarkingstegnieke en beantwoord die vrae.

| A | B | C |
|---|---|---|
|  |  |  |







6.1 Identifiseer die mediagereedskap gemerk **A**, **B** en **C**. (3 x 1) (3)

6.2 Verduidelik waarom die mediagereedskap soos geïdentifiseer in VRAAG 6.1 as mediareklame-promosietegnieke geklassifiseer word. (2)

6.3 Gee EEN rede waarom die mediagereedskap gemerk **B** 'n waardevolle bemarkingstrategie sal wees om binnelandse toeriste oor produkte en dienste in te lig. (2)

6.4 Verduidelik die effektiwiteit van mediagereedskap gemerk **A** om bewustheid van Suid-Afrika as 'n toeristebestemming te skep. (2)

6.5









Nelson Mandelabaai Toerisme, die bestemmings bemarkingsorganisasie van Nelson Mandelabaai, stal al by INDABA, Durban vir meer as 20 jaar uit. INDABA is een van die grootste toerisme bemarkingsgeleenthede op die vasteland van Afrika.

[Bron: Verwerk uit www.indaba-southafrica.co.za]

6.5.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy die reiskostes bespreek wat Nelson Mandelabaai Toerisme in ag moet neem met die opstel van hulle bemarkingsbegroting vir hulle personeel wanneer hulle Indaba besoek. (4 x 1) (4)


**[13]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISME-SEKTORE

### VRAAG 7

7.1 Bestudeer die onderstaande prente wat verband hou met die vlugbedryf en beantwoord die vrae.




7.1.1 Identifiseer die gedeeltes van ʼn vliegtuig gemerk **A** en **B**. (2 x 1) (2)

7.1.2 Noem EEN lid van die vlugbemanning wat toegelaat word om gedurende die opstyging en landing die gedeelte van ʼn vliegtuig gemerk **A** binne te gaan. (1)

7.1.3 Verduidelik die doel van die gedeelte van ʼn vliegtuig gemerk **B**. (2)

7.1.4 Die prente gemerk **C** en **D** toon reisklasafdelings van ʼn vliegtuig.

(a) Identifiseer die reisklasafdelings gemerk **C** en **D**. (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik hoe die reisklasafdeling gemerk **C** verskil van die reisklasafdeling gemerk **D**. (2 x 2) (4)

(c) Vergelyk die koste van ʼn vliegtuigkaartjie vir reisklasafdelings **C** en **D**. (2 x 2) (4)

(d) Lei af van die prent gemerk **D** of die vliegtuig in die prent ʼn wyeromp of ʼn smalromp vliegtuig is. Motiveer jou antwoord. (3)

7.2 Bestudeer die onderstaande lugrederyskedule en beantwoord die vrae.

| Frekwensie | Ver-trek-tyd | Stad van ver-trek | Aan koms tyd | Stad van aan-koms | Vlugnr. | Vlieg-tuigtipe | Aantal stoppe |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 2 3 4 5 | 11:50 | PLZ | 13:20 | JNB | SA2164 | 738/Y | 0 |
| 6 7 | 11:20 | PLZ | 13:00 | JNB | SA2164 | 722/Y | 0 |
| Beskikbare datums: 20 Desember 2015–27 Desember 2015 | | | | | | | |
| 2 3 4 5 | 06:20 | PLZ | 08:10 | JNB | SA1460 | DH4/Y | 0 |
| 1 6 | 06:10 | PLZ | 07:45 | JNB | SA402 | 320/Y | 0 |
| Beskikbare datums: 27 Desember 2015–02 Januarie 2016 | | | | | | | |

7.2.1 ŉ Passasier wil vanaf Port Elizabeth na Johannesburg reis op Woensdag, 30 Desember om Nuwejaar saam met sy familie te spandeer. Verskaf die onderstaande besonderhede aan hom in verband met sy vlug:

(a) Vlugnommer (1)

(b) Naam van lugredery (1)

(c) Reisklas (1)

(d) Aankomstyd (1)

7.2.2 Gee raad aan die passasier genoem in VRAAG 7.2.1 oor DRIE beskikbare opsies om in te boek vir sy vlug. (3 x 1) (3)

7.3 Bestudeer die Shosholoza Meyl skedule en beantwoord die vrae.

| **Treinroetes:** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Roete** | **Klas** | **Skedule** | | |
| Kaapstad–Oos-Londen –Kaapstad | *T & E | Sien onderstaande skedule | | |
| **Stasie** | **Klas beskikbaar** | **Dag** | **Aankoms** | **Vertrek** |
| Oos-Londen | Sitter | 1 | | 10:00 |
| Queenstown | Sitter | 1 | 14:25 | 14:45 |
| Springfontein | Sitter | 1 | 19:55 | 20:25 |
| De Aar | Sitter | 2 | 00:40 | 01:00 |
| Beaufort-Wes | Sitter | 2 | 04:40 | 05:00 |
| Worcester | Sitter | 2 | 10:40 | 10:55 |
| Kaapstad | Sitter | 2 | 14:10 | |

**Tariewe:**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapstad | | | | | | | | | | |
| **T** | **E** | Worcester | | | | | | | | |
| 140 | 110 | **T** | **E** | Beaufort-Wes | | | | | | |
| 260 | 180 | 200 | 140 | **T** | **E** | Springfontein | | | | |
| 480 | 290 | 400 | 250 | 250 | 170 | **T** | **E** | Queenstown | | |
| 600 | 350 | 520 | 310 | 360 | 220 | 160 | 130 | **T** | **E** | |
| 690 | 400 | 610 | 360 | 450 | 260 | 240 | 150 | 150 | 100 | Oos-Londen |

*T – Toeristeklas / E–Ekonomieseklas

7.3.1 ʼn Toeris wil vanaf Queenstown na Kaapstad reis op 22 November 2016. Gee hom raad oor die volgende:

(a) Vertrektyd vanaf Queenstownstasie. (1)

(b) Datum en tyd van aankoms by Kaapstadstasie. (2 x 1) (2)

(c) Koste van ʼn ekonomieseklas kaartjie. (2)

(d) Badkamerfasiliteite op die trein. (2)

7.4 Bestudeer die onderstaande motorhuur kwotasie en beantwoord die vrae.

<table>
<tr><td colspan="3">Huurdatum: 21 Maart 2016–24 Maart 2016 (3 dae)<br>Afhaal en terugbesorging: Port Elizabeth lughawe<br>Groep M – Ford Eco Sport of soortgelyk</td></tr>
<tr><td colspan="2"></td><td>Transmissie tipe: Outomaties<br>Lugversorging<br>Aantal deure: 5<br>Aantal passasiers: 4<br>Bagasiekapasiteit: 5 tasse<br>Motorradio<br>CD speler</td></tr>
<tr><td>Totaal: ZAR 2 291,00</td><td colspan="2">Beskikbaarheid van die motor is onderhewig aan bevestiging</td></tr>
<tr><td colspan="3">Opsionele toerusting / ekstras (betaalbaar by afhaal van voertuig)<br>Bykomende bestuurder — ZAR 310,00 per verhuring<br>Babasitplek / Kinderveiligheidsitplek — ZAR 350,00 per verhuring<br>GPS Satelliet Navigasiestelsel — ZAR 95,00 per dag</td></tr>
<tr><td colspan="3">Kwotasie sluit in:<br>• BTW • Huurkontrakfooi • Lughawebelasting<br>• OSA (Eng: CDW) • POV (Eng: PAI) • 600 km gratis</td></tr>
<tr><td colspan="3">Addisionele inligting:<br>Prys vir addisionele kilometers: ZAR 4,48 / km<br>Jy moet ten minste 18 jaar oud wees om hierdie voertuig te huur<br>Bybetaling in geval van skade: ZAR 38 115,00<br>Bybetaling in geval van diefstal: ZAR 38 115,00</td></tr>
</table>

7.4.1 Indien die huurder van die voertuig die Eco Sport om 09:00 op 21 Maart afhaal, hoe laat moet die voertuig op 24 Maart terugbesorg word sodat addisionele kostes nie gehef word nie? (1)

7.4.2 Verduidelik die volgende motorverhuring terminologie:

(a) OSA (Eng: CDW) (2)

(b) Lughawe bybetaling (2)

(c) POV (Eng: PAI) (2)

(d) Kontrakfooi (2)

7.4.3 ŉ Kliënt huur die voertuig vir drie dae teen ŉ bedrag van R2 219. Hy reis 800 km. Bereken die totale bedrag wat hy/sy sal moet betaal. Toon alle berekeninge. (3)

7.5 Bestudeer die prente wat verband hou met die toerisme-busbedryf en beantwoord die vrae.




7.5.1 Kies die tipe bus wat die beste by die onderstaande tipes toeriste pas. Motiveer jou keuse van bustipe.

(a) ŉ Duitse paartjie wat ŉ verskeidenheid aantreklikhede in Kaapstad tydens ŉ dagtoer wil besoek. (3)

(b) ŉ Groep rugsakreisigers beplan om dorpe al langs die tuinroete te besoek. (3)

**TOTAAL AFDELING D: 50**

## AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 8

8.1 Verwys na die onderstaande plaaslike reispakkette en uittreksel en beantwoord die vrae.

**Reispakket A: 5 dag Kruger Nasionalepark Safaripakket**
- Retoer vlugte vanaf Johannesburg na lughawe binne die Kruger Nasionale Park.
- Verblyf in ŉ familie safari lodge
- Alle etes ingesluit (spesiale spyskaart vir kinders)
- Vroegoggend en laatmiddag wildbesigting-veldritte
- Spesiale program vir kinders insluitend kuns- en handwerkklasse, gesigverf, leer oor plaaslike Shangaankultuur

**Reispakket B: Kaapstad Internasionale Jazz Fees Naweekpakket**
- 5 stêr luukse stadshotel, binne stapafstand van die V&A Waterfront en Kaapstad strande
- Ontbyt daagliks
- 2 dae motorhuur
- VIP kaartjies na die Kaapstad Internasionale Jazz Fees en toegang tot die Chill Lounge om ŉ lewendige mengsel van mense, stylvolle cuisine en wêreldklas vermaak te ervaar

Die NDT se Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme (2012–2020) het vyf segmente geïdentifiseer om Suid-Afrikaners aan te moedig om te reis.


Koppel elk van die spesiale reispakkette **A** en **B** met een van die vyf binnelandse toerisme marksegmente soos geïdentifiseer in NDT se Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme. Gee EEN rede waarom die reispakket die aandag van die geïdentifiseerde reissegment sal trek.

**Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.**

| | Reispakket | Plaaslike mark-segment | EEN rede waarom die reispakket die aandag van die plaaslike marksegment sal trek | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.1.1 | Reispakket A | | | (2 x 2) | (4) |
| 8.1.2 | Reispakket B | | | (2 x 2) | (4) |

8.1.3 Lys die VIER strategiese doelwitte van die Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme (2012–2020). (4 x 2) (8)

8.2 Bestudeer die kaart van die SAOG-lidlande en beantwoord die vrae.




8.2.1 Gee die naam van die land gemerk **C**. (1)

8.2.2 Gee die naam van die hoofstad van die land gemerk **D**. (1)


8.2.3 Skryf die letter en naam van die land neer wat suidwes van Zimbabwe geleë is. (2 x 1) (2)

8.2.4 Skryf die naam van die land en die grenspos hawestad gemerk **A** wat toeriste tydens 'n MSC luukse toerskipvakansie sal besoek. (2 x 1) (2)

**[22]**

## VRAAG 9


9.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vraag.




Om kompeterend te wees in vandag se globale mark moet die Suid-Afrikaanse toerismebedryf bewus wees van kulturele tradisies en gebruike van buitelandse besoekers.

9.1.1 Bespreek VIER aspekte wat werknemers in ŉ hotel in ag moet neem om effektiewe kommunikasie met buitelandse besoekers van diverse kulturele agtergronde te verseker. (4 x 2) (8)

9.2 Bestudeer die onderstaande prent wat die vyf gewildste klagtes in die toerismebedryf uitbeeld en beantwoord die vrae.




9.2.1 Lei af van die uittreksel of die klagtes voorbeelde van verbale of skriftelike klagtes is. Motiveer jou antwoord. (2)

9.2.2 Bespreek die waarde vir 'n toerismebesigheid om hierdie klagtes op 'n konstruktiewe manier te hanteer. (2 x 2) (4)

9.2.3 Lys die eerste TWEE stappe wat nodig is om klagtes van kliënte, soos genoem in VRAAG 9.2.1, te hanteer. (2 x 2) (4)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**